TWEEDE PERSVERKLARING – CATHERINE ROBSON KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM SOSIALE MEDIA VIDEO
5 MEI 2017 – VIR ONMIDDELLIKE VERSPREIDING

Begin

Die video-voorval, waarin drie minderjariges meisies aantygings teen die Catherine Robson Kinder- en Jeugsorgsentrum maak, het op Dinsdag 2 Mei 2017 op sosiale media verskyn en is daarna wyd versprei. Danie Kruger, bestuurder van dié Kinder- en Jeugsorgsentrum het die voorval onmiddelik ná die video aan die lig gekom het, by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangemeld vir 'n onafhanklike ondersoek. Die ondersoek is tans onderweg en die Departement het aangedui dat hul verslag volgende week bekendgemaak sal word.

Intussen het een van die meisies in die video se ma, mev. Doris Visser en suster, mev. Erika Olivier, vandag skriftelik aan die Catherine Robson-bestuur erken dat die dogters nie die waarheid gepraat het nie.

Die ondertekende brief lees as volg:

"Ek, Doris Visser en Erika Olivier, is een van die dogters in die video se ma en suster. Die bewerings wat gemaak is, is onwaar. Ons het na die video geplaas is uitgevind dat dit leuens was. Ons was emosioneel betrokke en dit is waarom ons nie gedink het die video gaan nagevolge hê nie. Die video het bereik dat die Departement dit wel gaan ondersoek en is tans besig daarmee. Dit waarvan die kinderhuis beskuldig word is onwaar."

Die brief is vanoggend om 09:34 geteken ná mev. Visser en mev. Olivier 'n afspraak met die kinderhuis aangevra het.

Intussen duur die onafhanklike ondersoek deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling voort. Die bestuur van die Kinder- en Jeugsorgsentrum sal na afloop van die volledige ondersoek op die aangewese optrede besluit.

Eindig

Uitgereik deur:

Danie Kruger

Bestuurder: Catherhine Robson Kinder- en Jeugsorgsentrum, Vereeniging

NG Welsyn

E-mail: info@ngwelsyn.co.za

Website: www.ngwelsyn.co.za | www.crchildren.co.za

VIR VERDERE MEDIA INLIGTING , KONTAK ASB DIE SKAKELBEAMPTE :

ANETTE DEGENAAR

TEL: 018 297 3928

SEL: +27 (0)73 243 6572

E-POS: ngwelsyn@iafrica.com